21 Jul.

Uitgawe 2010/07/21

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrugbaar kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee. (**Joh. 15:16**). Ons is deur God gekies om Sy werk te doen. Ons moet konstant in die ware wynstok bly, verenig met Christus in geloof. Ons moet nie ledig wees nie, maar ons moet werk. Wanneer ons vrug dra, byvoorbeeld, om siele na die Here te lei, moet ons die plante water gee wat ons geplant het. Ons moet konstant bid sodat ons werke geseën kan word met die teenwoordigheid en die seën van God – wat ons ook in Sy naam vra. ***Hemelse Vader, dankie dat U ons uitverkies het om U werk te doen. Mag al ons werke eer en heerlikheid aan U naam bring.***

Deurbraak : Pleegmoeder in haar taak herstel

'n Christen pleegmoeder het die regstelsel gewen om herstel te word in hierdie taak nadat die kind terug geneem is deur die owerhede omdat die Moslem dogter in haar sorg besluit het om die Christen geloof aan te neem. Die pleegmoeder wat na meer as 80 kinders gekyk het in die afgelope tien jaar en 'n skoon rekord het, was deur die plaaslike raad afgedank omdat sy nie die dogter se geloof gereserveer en en haar daarvan weerhou het om gedoop te word nie. Die Moslem dogter was sestien op daardie stadium en het op haar eie besluit om 'n Christen te word. Die pleegmoeder sê sy het geen druk op die dogter geplaas nie en haar selfs ontmoedig aan die begin. Die dogter was in haar sorg geplaas omdat sy gedreig is met 'n voorafbeplande huwelik en geweld van haar familie. (Webruimte: http://www.christianlegalcentre.com/view.php?id=1135, 12/07/10). ***Prys die Here vir die manier waarop Hy onderneem het vir hierdie twee dames. Vra God se berskerming vir diegene wat hulle bekeer van die Moslem geloof. Bid dat hierdie jong dame en ander soos sy geestelik sal groei en dat sy 'n voorbeeld sal wees in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid.*** (**1 Tim.4:12**).

Bid vir jou gemeenskap: Huwelike en families

Daar is 'n geweldige aanslag op die gesinslewe. Daar was waarskynlik nog nooit 'n tyd in die geskiedenis waar die huwelik en die gesinslewe aan soveel druk onderhewig was nie. Doelgerigte, sistematiese, intelligente en volhardende gebed is op hierdie terrein nodig. (Webruimte: http://www.jwipn.com/pdf/Hoe%20om%20vir%20huwelike%20en%20families%20te%20bid.pdf, 20/07/10). ***Bid dat families sal saamkom en sal deel rondom die Woord van God op 'n gereelde basis. Bid dat paartjies geïnspireer sal wees om saam te bid oor hul behoeftes en om God te dank vir Sy voorsiening.***

Suid-Afrika : Xenofobiese aanvalle

Xenofobiese botsings het uitgebreek in Kya Sands hierdie week. Polisie het inbeweeg en behou 'n sterk en waaksame teenwoordigheid. Plaaslike inwoners word blameer dat hulle jaloers is op die sukses van besighede wat opgerig is deur uitlanders en word verdink van die meeste aanvalle en diefstal wat sover plaasgevind het. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=iol1279606938124X532, 20/07/10). ***Bid asseblief vir die beskerming van elke persoon in hierdie areas in Suid-Afrika. Vra die Here vir Sy vrede om die harte van die aanvallers te vul en dat hulle in harmonie met die uitlanders sal leef.***

Internasionaal : Dag van Gebed – Noord-Korea

Verskeie internasionale organisasies wat veg vir menseregte, wat ook *Amnesty International* en *Human Rights Watch* insluit beskuldig Noord-Korea daarvan dat hulle een van die swakste menseregte rekords het. Noord-Korea word na verwys as "een van die wêreld se mees ontaardse mense" deur *Human Rights Watch*, weens die streng beperkings wat geplaas word op hul politiese en ekonomiese vryheid. Die *North Korean defectors* bevestig die bestaan van tronke en konsentrasie kampe met ongeveer 150 000 tot 200 000 gevangenes (omtrent 0,85% van die populasie), en het verslag gegee van mishandeling, verhongering, verkragting, moord, mediese ekseperimentasie, geforseerde arbeid en geforseerde aborsies. Veroordeelde politiese gevangenes en hul families word na hierdie kampe gestuur waar hulle weerhou word van huwelike, hulle moet eie gewasse aanplant en word weerhou van eksterne kommunikasie. (Bron: http://en.wikipedia.org/wiki/North_Korea#Human_rights). Dit is nog steeds die moeilikste plek om 'n Christen te wees. Enige geloofsaktiwiteite word gesien as opstand teen Noord-Korea se sosialistiese beginsels en die sekte van Kim Jon-il en sy pa. Weens streng ondersoeke, is 'n groot aantal geheime Christene gevind, gearresteer, mishandel en selfs doodgemaak. Ten spyte van dit alles, en die behoefte aan vryheid om te aanbid, neem baie die risiko om hul geloof te deel en die kerk groei. Daar is bykans 400 000 gelowiges. (Bron: http://www.opendoorsuk.org). (E-pos: info@globaldayofprayer.com, 12/07/10). ***Vra die Here om Sy liefde te openbaar aan die Noord-Koreane. Spreek Psalm 24:7-10 oor die land. Vra die Here om die harte van die leiers te versag om God se stem te hoor en in gehoorsaamheid te wandel.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com